

10 Januarie

Hosea 3

### ***Sidder vir God se goedheid***

Die Bybel sê dit soms so presies *andersom* as wat óns dit sou gesê het!

Luister byvoorbeeld in watter terme dink die profeet Hosea die toekomstige bekering van Israel uit in *Hosea 3:5*: "Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die Here hulle God soek, en Dawid hulle koning, *en met siddering aankom na die Here en na sy goedheid...*"

Sidder? Bewe?

Ons sou sê:       Sidder vir Gods oordele,  
                      Bewe vir sy woede.

Want hoeveel rede het God nie gehad om vir sy ontroue volk woedend te wees nie? Hulle was soos 'n prostituut (Hosea 3:1) wat agter ander mans aan hardloop.

Maar die aangrypende is hier die nog-'n-keer van God se genade (3:1).

En *dit* sal die volk tot bekering bring en hulle laat sidder... vir sy goedheid!

Oordeelspreke, raaspreke laat die hart van skrik soms vinniger klop, maar verander nie sondige harte nie.

Ek moet my bekeer tot die Here, ja, elke dag weer:  
nie omdat ek banggemaak word met die hel nie,  
maar wel omdat ek voor my Vader skaam geword het omdat ek sy liefde in my onverskilligheid nie reg waardeer het nie.

Sidder vir Gods goedheid.

Kom ons belewe die liefde van God in Christus Jesus aan die kruis, en oral in ons lewe, vir die res van hierdie jaar, met 'n knop in die keel en siddering in die hart...

Sing Skrifberyming 33:1 en 3

Ds. D. Postma (Frankfort)